

Maak Werkplek Met Bokkie Pote.

by Phantocomp

'n Blad op bokkie pote is baie handig.

Dit kan 'n werkoppervlak in die kombuis, lessenaar in 'n tuiskantoor, of 'n sjiek eetkamertafel wees. As jy dit boonop met ander veeldoelige artikels kombineer, byvoorbeeld opvoustoele en hout kratte, het jy 'n wenkombinasie.

Op hierdie manier kan jy maklik 'n ekstra werkoppervlak skep. Koop 'n binnedeur om te gebruik as 'n blad, indien dit jou sak pas kan vir jou 'n stuk hout laat sny of van die vooraf bereide blaaie wat nou te koop is kry. Tesame met die bokkie pote (verf ingesluit), is dit ongetwyfeld baie goedkoper as om 'n kombuis eenheid te laat inbou. Daar is ook ander voordele: Vir 'n Kombuis wat gedeeltelik ingebou is, kan dit maklik volgens jou behoeftes verander word. Met 'n paar opvou stoele byderhand, wat jy kan insit en uithaal soos jy dit nodig kry, kan die werkoppervlak verander word na 'n etenstafel as 'n kuierplek as jy vriende nooi.

Dit is 'n goedkoop en vinnige oplossing as jy nie genoeg werkplek in die kombuis het nie. Maar dit geld nie net vir die kombuis nie. Jy kan dit ook toepas in jou werkskamer waar jy jou stokperdjie beoefen en jy werkplek nodig het. Indien jy sou wou kan jy dan ook sommer die blad permanent op die bokkie pote vassit.

Indien jy handig is met houtwerk kan jy baie vinnig die bokkie pote self maak, dit is nie nodig om 'n genie te wees nie. Dit is baie eenvoudig en maklik en behoort nie langer as 'n uur of twee te neem nie, dit is as jy jou materiaal alles byderhand het. Maak eers net een en kyk of jy tevrede is en indien jy moet verander daaraan dan kan jy dit op die ander pote doen en jy kan altyd vir die een wat miskien te laag is 'n maat maak en dit vir iets anders gebruik, soos om vir die kinders 'n speel tafel te maak deur die pote korter af te sny.

Indien dit te hoog is na jou sin kan jy dit net laer maak (soos met die kinders se voorstel), deur die pote korter te sny of deur die hoek waarmee dit oopvou te vergroot indien die hoogte nie soveel verander hoef te word nie. 'n Goeie idee is om die bokkie pote so te maak dat dit verstelbaar is vir verskillende hoogtes deur gebruik te maak van 'n ketting tussen die twee pote wat jy langer of korter kan maak en sodoende die hoek wat dit vorm wanner dit oopgemaak word te vergroot of te verklein en dit sal dan die hoogte bepaal van die tafel.